

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
27 Maart 1977

Onderwerp: Geloof wat oorwin

Lees: Johannes 16 verse 20 tot 33

Teks: Johannes 16 verse 32 en 33

Sing: Psalm 46 verse 1 en 4
Gesang 55 vers 1
Gesang 128 vers 5

“Daar kom ’n uur in die lewe van elke mens dat die wêreld jou onderploeg. Dit kan jou lewensomstandighede wees: finansiële-, huislike- of werksomstandighede. Daar kom ook ’n uur dat die sonde jou onderploeg. Vir ’n geruime tyd het jy miskien weerstand gebied, maar ten slotte het die versoeking en verleiding jou weerstand laat verkrummel en jy het gefaal.

“As ons oor versoekinge van die wêreld praat, moet ons nie net aan die wêreld daarbuite dink nie, maar ook aan die wêreld hierbinne in ons. Dikwels is dit nie die wêreld daarbuite of die lewensomstandighede wat ons grootste vyand is nie, maar onself. Ja, ekself is my grootste vyand. Hoeveel van ons het nie al die ondervinding gesmaak dat jy teenoor jouself weerloos staan nie. Jy is ’n slaaf van jou eie natuur, drange en begeertes.

“Broers en Susters, hoekom faal ons?

“Kyk na die voorbeeld van die dissipels tydens Jesus Christus se lyding en kruisiging. Hoekom het hulle gefaal toe hulle staande moes gebly het in die uur toe die wêreld sy finale aanslag op hulle geloof geloods het?

“Jesus Christus het hulle gewaarsku dat hulle Hom sou verlaat in die beslissende uur van die wêreld se skynbare finale oorwinning oor die Seun van God en skynbare triomf van die Bose: ‘Dit het Ek vir julle gesê’. (Joh 16:33) Hy het dit nie van hulle weerhou en vir hulle verberg nie. Hy het hulle gewaarsku dat hulle in hulself tot niks in staat was nie en dat hulle geloof sou wankel. En as hulle sou verstaan het wat Jesus Christus vir hulle gesê het, sou hulle afgesien het van hulself en nie gewankel het nie.

“Kan ons die dissipels dit kwalik neem?

“Dit was vir hulle immers ’n uur van absolute verbystering en verskrikking. Die fondament waarop hulle hul lewens gebou het en waarvoor hulle alles verlaat het, het onder hulle verkrummel. Jesus Christus, hulle laaste steunpilaar teen die bedreiging van die lewe en op Wie hulle geloof gevestig was, was oorwin en verneder tot die vervloekte dood aan die kruis. Dit het immers gelyk asof Hy ’n geknakte riet was en daarom het hulle Hom prysgegee aan die wêreld. Hulle het teruggekeer na hulle eie plekke en lewensomstandighede waarin hulle was voordat hulle Hom ontmoet het. Hulle het die ou vergete lewensdrade weer opgeneem.

“Hoe groot was hulle ontnugtering nie. Hulle het gedink dat Hy die Here was, die Heerser van hierdie wêreld, maar toe het dit geblyk dat Hy ’n verstote en vertrapte kruiseling was, deur mense verag en verlaat: ’n Man van Smarte, bekend met krankheid.

“Is dit nie die rede vir die onverskilligheid van baie in ons dag nie? Hulle gee Jesus Christus prys en keer terug na die ou dinge omdat hulle nie hulle hoop kan vestig op ’n Man van Smarte nie.

“Maar Broers en Susters, hoe groot was die dissipels se vergissing nie. Hulle het gedink hulle gee Jesus Christus prys, terwyl hulle eintlik hulself prysgegee het. Jesus was nie uitgelewer aan die spel van die Bose nie. Jesus was nie alleen nie. Die Vader was met Jesus Christus. Daarom het Jesus gesê: ‘... tog is Ek nie alleen nie, omdat die Vader met My is.’ (Joh 16:32)

“God het deur Jesus Christus sy magtige heilsplan vir die wêreld volbring. Jesus Christus se verlatenheid was inderdaad sy oorwinning oor die wêreld. Jesus Christus het met sy skynbare uitgelewerdheid aan die gerig van die wêreld, inderdaad sy gerig oor die wêreld voltrek.

“Dit kon die dissipels nie deurgrond nie en in hulle verlating van Jesus, was hulle self alleen. Hulle het in die beslissende uur alleen en weerloos in die wêreld gestaan omdat hulle geloof verkrummel het. Toe alles teen hulle gedraai het en hulle geloof moes toon wat geloof werklik is, het dit soos ’n kaartehuis inmekaar getuimel.

“’n Klein rukkie vantevore het hulle onder die waan verkeer dat hulle geloof sterk genoeg was om alles te weerstaan. Maar dit is juis dáár waar die fout gelê het. Dit was ’n geloof wat op die sêlf staatgemaak het, ’n selfversekerde geloof. En as jy op jou eie geloof

staatmaak, dan maak jy ten slotte op jousef staat en verbroekel alles in die beslissende uur.

“Broers en Susters, ons beleef krisis tye. Dit lyk asof die wêreld ons oorwin het: Rusland, Kuba en Kommunisme. Dit lyk asof ons ondergang om die draai is. En daar is soveel vertwyfelde Christene wat sê: Dit is klaar, Ikabod! Wat help dit tog alles! En wat meer is, daar is geen oorwinning in my lewensomstandighede nie, geen oorwinning oor myself nie, geen oorwinning oor die sonde nie.

“Broers en Susters, dit is die taal van ’n geloof wat op homself gerig is. Dit is ’n geloof wat vergeet dat die geloof opsigself geen krag het nie, maar sy krag alleen ontvang van die persoon op wie dit gerig is. Wanneer die storms hewig word, dan is ons geneig om in die verkeerde rigting te kyk. Ons staar na die golwe, die omstandighede wat ons omring. Ons kyk nie na die fondament van ons geloof, Jesus Christus, wat bokant die golwe wandel nie. Maar ons kyk na onself, na ons eie geloof in die hoop dat dit sterk genoeg sal wees om die aanslae te weerstaan. Die fout van die dissipels en van baie wat vandag wanhoop, is dat hulle hoop op hulself gerig is, met gevolglike ontnugtering.

“Ons vergeet dat Hy wat bo die golwe wandel, alles in sy hande het: ook die golwe, die wêreldmagte en die goddeloses. Moenie vergeet dat Judas met sy verraaiersdaad ook ingesluit was in God se ewige raadsplan met die wêreld nie. Jesus is Heerser oor die wind en die see.

“Nee, Broers en Susters, as ons geloof gerig is op Christus Jesus, dan is dit gerig op Hom wat gister, vandag en tot in ewigheid dieselfde is. Jesus Christus het gesê: ‘Dit het Ek vir julle gesê, dat julle in My vrede kan hê.’ (Joh 16:33) Ons moet hierdie ‘in My’ reg verstaan. Dít is waarop ons geloofslewe gebaseer moet wees. Jou vrede aan sekerheid lê nie in jousef nie, maar buite jousef. Jou sekerheid lê nie in jou geloof nie, maar in Jesus Christus op Wie jou geloof gerig is.

“Jesus het gewaarsku dat daar voortdurend aanslae van die wêreld sal kom: ‘In die wêreld sal julle verdrukking hê’. (Joh 16:33) Maar as julle die woorde ‘in My’ reg verstaan en julle sekerheid in Hom en nie in juiself soek nie, dan kan julle goeie moed hê. In Jesus Christus is die wêreld met sy skynbare oorwinnings, ’n oorwonne wêreld: ‘Ek het die wêreld oorwin.’ (Joh 16:33) Dit is ’n afgehandelde en uitgemaakte saak.

“Broers en Susters, ten spyte van al die skyn, het Jesus Christus reeds die koningskap aanvaar. Ja, op die

tydstip toe die dissipels gedink het alles is verlore, het Hy juis die oorwinning behaal. Hy het in wat na die diepste nood en hopeloosheid gelyk het, die grootste oorwinning behaal.

“Daarom is daar geen omstandighede in my lewe waarvan Jesus Christus nie die Meester is nie. Daarom is die vrede wat Jesus ons beloof, nie die vrede van voortdurende en onversteurbare gemoedsrus nie. Dit is die vrede van daaglikse geloofsoorgawe: Om te midde van alles vas te hou aan Hom wat oorwin het. Om vas te hou aan die wete dat Hy Koning is, ook oor my lewe, ten spyte van alle skyn, ten spyte van welke lewensomstandigheid ook al. Dit is ’n geloof wat vir my sê ek kan ook oorwin omdat Hy oorwin het. Sy oorwinning is ook myne.

“Dit is die geloof wat die wêreld oorwin. En dit bied die vrede wat alle verstand te bowe gaan.

“Amen.”

Kommentaar:

Toe Dominee Bester destyds hierdie boodskap gelewer het, het dit gelyk asof daar vir ons geen hoop was teen die Kommunistiese aanslag geloods vanuit Rusland en die Internasionale Gemeenskap nie.

Indien Kommunisme steeds in effek was toe die ANC in 1994 aan bewind gekom het, sou hulle al ons bates onder die vaandel van Kommunisme gekonfiskeer het. Dit sou vir ons ’n potensieel onoorkombare ramp gewees het.

Teen alle verwagting het Kommunisme feitlik oornag in 1989 van die toneel verdwyn.

Dit was ’n voorsienigheid van die HERE waarvoor ons die HERE moet dank.

En maak seker dat jou verhouding met die HERE reg is en moenie moed verloor nie, al lyk die toekoms ook hóé donker.

God is in beheer.